HANDLEIDING VIR UNIVERSELE DRIE GANG SKOUKLASSE
MANUAL FOR UNIVERSAL THREE GAITED SHOWING

Verw. SASA Reëls & Regulasies: Sept. 2016 / Kleredrag reëls / Algemene Skou Praktyk & Etiket / Klaslys & Kruisinskrywings
Ref. SASA Rules & Regulations: Sept 2016 / Dress Code / General Show Practice & Etiquette / Class List & Cross Entries

	INHOUD	***INDEX***
	INLEIDING	INLEIDING
1	UNIVERSELE 3-GANG RYPERD KLASSE	UNIVESAL 3-GAITED RIDING HORSE CLASSES
2	TOERUSTING VAN DIE PERD	EQUIPMENT OF THE HORSE
2.1	ALGEMEEN	GENERAL
3	BEWEGING VAN DIE UNIVERSELE 3 GANG PERD	MOVEMENT OF THE UNIVERSAL 3 GAITED HORSE
3.1	UNIVERSELE GANGE & KRITERIA	UNIVERSAL GAITS & CRITERIA
4	POSISIE VAN DIE RUITER	POSTURE OF THE RIDER
4.1	RYSTYL	RIDING STYLE
5	ALGEMENE BEGINSELS	GENERAL PRINCIPLES
5.1	ALGEMENE BEOORDELINGSKRITERIA	GENERAL JUDGING CRITERIA
5.2	BEOORDELING VAN SKOU JAGPERD KLASSE	JUDGING OF THE SHOW HUNTER
5.3	DAMES & MANS RYPERD KLASSE	LADIES' & GENTLEMEN'S RIDING HORSE CLASSES
5.4	UNIVERSLE NUWELING & ONDER 5 JR KLASSE	UNIVERSAL NOVICE & UNDER 5 CLASSES
5.5	UNIVERSELE PLESIERPERD	UNIVERSAL PLEASURE HORSE
5.6	UNIVERSELE 3 GANG KAMPIOENSKAP	UNIVERSAL 3 GAITED CHAMPIONSHIP

INLEIDING / *INTRODUCTION*

Universele drie-gang perde het ’n matige hoë tot laer beweging sonder dat lengte van treë en veerkrag ingeboet word.

Universele perde word geskou en beoordeel volgens SASA reëls. (*Showing Association of South Africa*) Hierdie Handleiding bevat riglyne en wenke wat op SASA Skou reëls gebaseer is en moet dus gelees word in konteks (www.showingsa.co.za)

Die korrekte skoling en uitvoer van bevele en bewegings van ’n Universele SA Boerperd is van uiterste belang in die skou ring. Basiese, korrekte en deeglike skoling sal sorg vir ’n gehoorsame, soepel en goed gebalanseerde perd. In die Universele skou klasse word die klassieke rystyl toegepas.

“Die mees belangrikste aspek van skoling is om balans en ritme te vestig en om seker te maak dat die perd vorentoe beweeg met impulsie.”
Jane Wallace

“There is nothing more beautiful than a correct classical seat which naturally sets the horse at its best. Horses trained in this way actually grow beauty as they develop the correct muscles and transform from mere vehicles to gymnasts.”
Silvia Lock, The Classical Seat

Universal three-gaited horses have a moderately high to lower knee action without compromising length of stride and cadence.

These horses will be shown according to SASA (Showing Association of South Africa) AND contains directions, guide lines and hints which must thus be read in context (www.showingsa.co.za).

The correct schooling and execution of commands (aids) and movements is of great importance for the Universal SA Boerperd in the show ring. Basic, correct and thorough schooling should produce an obedient, supple well-balanced horse.

In the Universal showing classes, the classical riding style will be of relevance.

1 UNIVERSELE 3 GANG RYPERD KLASSE / *UNIVERSAL 3 GAITED RIDING HORSE CLASSES*

Hierdie is die basiese Universele ry-klasse sonder kombinasies. Sien **KLASLYS** verdere inligting t.o.v. kampioenskappe, outomatiese kampioenskappe & kruisinskrywings.

*The table below list the basic Universal riding classes, without combinations. See **CLASS LIST** for further information regarding championship qualifications, automatic championships & cross entries.*

3G UNIVERSEEL / UNIVERSAL 5+
U 3G RYPERD HINGSTE / U 3G RIDING HORSE STALLIONS
U 3G RYPERD MERRIES / U 3G RIDING HORSE MARES
U 3G RYPERD REUNS / U 3G RIDING HORSE GELDINGS
U 3G PLESIERPERD H/M/R U 3G PLEASURE HORSE S/M/G
U SKOU JAGPERD U SHOW HUNTER
U 3G SENIOR GROOT KAMPIOEN RYPERD **U 3G SENIOR SUPREME CHAMP R/HORSE**

3G UNIVERSEEL / UNIVERSAL -5
U 3G RYPERD HINGSTE / U 3G RIDING HORSE STALLIONS
U 3G RYPERD MERRIES / U 3G RIDING HORSE MARES
U 3G RYPERD REUNS / U 3G RIDING HORSE GELDINGS
U 3G PLESIERPERD H/M/R U 3G PLEASURE HORSE S/M/G
U SKOU JAGPERD U SHOW HUNTER
U 3G JUNIOR GROOT KAMPIOEN RYPERD **U 3G JUNIOR SUPREME CHAMP R/HORSE**

U 3G RUITER KLASSE AAN OUDERDOMME VAN RUITERS GEKOPPEL U 3G RIDER CLASSES LINKED TO THE AGE OF THE RIDERS

2. TOERUSTING VAN DIE PERD / *EQUIPMENT OF THE HORSE*

2.1 ALGEMEEN / *GENERAL*

Die saal en toom moet skoon en in 'n goeie toestand wees en dit moet die perd goed pas.
Die gebruik van foutiewe toerusting en/of toerusting wat die perd mag beseer of benadeel kan tot diskriminasie en/of eliminasie lei.

The saddle and bridle must be clean and in good condition and must fit the horse properly.
The use of faulty saddlery and/or equipment which may impair or harm the horse may lead to discrimination and/or elimination.

Rylat/ *Riding Cane*

- 'n Rylat is verpligtend vir Juniors en Volwassenes maar vir Kinders is dit opsioneel.
- Slegs 'n kort rottang- of leerbedekte stok word aanbeveel.
- Dresseerpeitse is ontoelaatbaar. 'n Standaard jagpeits of springpeits is toelaatbaar by die springfase van die Werkende Jagperd klas en mag nie langer as 75cm wees nie

Rylat nie dunner nie as 10mm /
Showing Cane not thinner than 10mm



Standaard spring peits vir Werkende Ryperd- en Werkende Japerd klasse met of sonder handvatsel
Standard jumping whip for Working Riding- and Working Hunter classes with or without handle

- *A Riding cane is compulsory for Juniors and Adults but optional for Children.*
- *Only a short cane or leather covered cane is recommended.*
- *Dressage whips are not allowed. A Standard hunting whip or jumping whip is allowed in the jumping phase of the Working Hunter class and may not exceed 75cm in length.*

2.1.1 Saal / *Saddle*

- Saals moet van bruin of swart leer of aanvaarbare sintetiese materiaal vervaardig wees.
- ’n Goeie kwaliteit Dresseer-, Skou- of Veeldoelige tipe saal (“*General purpose*”) wat die perd behoorlik pas.
- Enige ander saal, asook springteuels, borsbande, stertrieme of enige ander toevoegings tot die saal word nie toegelaat in skou klasse nie. “Martingales” is wel toelaatbaar in die Werkende Ryperd- en Werkende Jagperd klasse.
- Alhoewel ’n saalkleedjie (“numnah”) nie verpligtend is nie word dit sterk aanbeveel maar dit moet klein wees en die vorm van die saal wees.
- Saal oortreksels is ontoelaatbaar.
- Die kleur van die saalkleedjie (“numnah”) moet so na as moontlik aan die kleur van die perd of die saal wees.
- ’n Eenvoudige leer-, materiaal-, sintetiese- of geweefde buikgord so na as moontlik aan dieselfde kleur as die perd, asook wit is toelaatbaar. Geen ander gekleurde buikgorde soos bv. rooi, blou ens. sal toegelaat word nie.
- ’n Rubber voetrus aan stiebeuels word aanbeveel.

Martingale

- *Saddles must be brown or black leather or must be manufactured of acceptable synthetic material.*
- A *Good quality Dressage-, Showing- or General Purpose type saddle which fit the horse properly.*
- *Any other type of saddle as well as martingales, breastplates, cruppers, or any other addition to the saddle will not be allowed in showing classes. The only exception is in the Working Riding- and Working Hunter classes where martingales are allowed.*
- *Although a numnah is not compulsory it is highly recommended but it must be small and be the shape of the saddle.*
- *The colour of the numnah must be as close to the colour of the horse or saddle as possible.*
- *Saddle covers are not allowed*
- *A plain leather-, material-, synthetic or woven girth as close to the colour of the horse as possible, as well as white are allowed. No other coloured girths such as red or blue etc., will be allowed.*
- *It is advisable to have rubber treads on the stirrup irons.*

2.1.2 Toom/*Bridle*

"Caveson" Neusband / *Noseband*



ENKEL ROOM MET 'N TRENS
SNAFFLE BRIDLE
Geen stoppers aan teuels toelaatbaar
No stops on reins allowed

DUBBEL TOOM MET STANG & SKELMTRENS
DOUBLE BRIDLE WITH PELHAM & BRADOON

- Tooms moet van swart of donkerbruin leer vervaardig wees.
- Geen los punte mag uitsteek nie en moet netjies met die lussies in plek gehou word.
- Alleenlik 'n gewone neusband ("Caveson") is toelaatbaar by alle tooms en word ongeveer een vinger onderkant die wangbeen stewig vasgemaak.
- Neusbande mag nie gekleur wees of versier wees met blink kristalletjies nie.
- Om sonder 'n neusband of verkeerde neusband te ry sal tot eliminasie lei.
- Gekleurde en versierde voorkopbande word toegelaat maar dit word aanbeveel dat dit nie breër as 2cm moet wees nie en rosette aan die kante moet nie te groot wees nie. Alleenlik eenvoudige en onversierde tooms (geen versierde voorkop bande en rosette nie), sal toegelaat word in die Werkende Ryperd, Skou Jagperd en Werkende Jagperd klasse.
- Rubber of materiaal teuels is ontoelaatbaar. Daar mag geen "stop" op die teuels wees nie. Die "curb" teuel (onderste teuel) moet dunner as die trens teuel wees.

- *Bridles must be manufactured in black or brown leather.*
- *No loose points may protrude and must be secured by the loops.*
- *Only a Caveson noseband is allowed with any bridle and must be fastened securely about one finger underneath the cheekbone.*
- *Nosebands may not be coloured or studded with diamanté.*
- *Riding without a noseband will result in elimination.*
- *Coloured and fancy brow bands are permitted but it is recommended that it must not be wider than 2cm and rosettes on the sides must not be too big. Only plain bridles (no fancy brow bands and rosettes) will be allowed in Working Riding-, Show Hunter and Working Hunter classes.*
- *Rubber or material reins are not allowed. No stops on the reins are allowed. The curb rein (lower*
- *rein) must be thinner than snaffle rein.*

2.1.3 Stange, Trense & Skelm Trense /*Bits, Snaffles & Bradoons*

- Stange, trense en skelm trense moet van standaard fabrikaat wees.
- Dit mag slegs van die volgende materiaal vervaardig wees: Vleklose staal, nikkel, vulkaniet, nylon en rubber.
- Enige vorm van ombouing en verandering van standaard trense en stange sal tot eliminasie lei.
- Geen stanglose tooms sal toegelaat word nie
- Alle gebit moet gladde mondstukke hê.
- Die doelbewuste oortreding van die reëls aangaande gebit sal tot eliminasie lei.

- *Bits, snaffles and bradoons must be of standard fabrication.*
- *It may only be manufactured from the following materials: Stainless steel, nickel, vulcanite, nylon or rubber.*
- *Any form of alteration and/or change of a standard snaffle or bit will lead to elimination.*
- *No bitless bridles will be allowed.*
- *All bits must have smooth mouthpieces.*
- *The deliberate contravention of the rules regarding bits will lead to elimination.*

2.1.4 Toelaatbare Tooms (Drie)/*Permissable Bridles (Three)*

- Eenvoudige standaar dubbel of skou-toom met stang, skelmtrens, kenketting, lipbandjie en gewone ("Caveson") neusband.
- Eenvoudige enkel toom met stang, gewonde neusband, kenketting, lipbandjie en dubbel teuels. Alleenlik kinders onder 15 jaar mag met toom verbindings ry.
- Eenvoudige enkel toom met 'n trens en neusband ("caveson")

- *A simple double or show bridle with a Pelham, bradoon, curb chain, lip strap and a Caveson noseband.*
- *A simple snaffle bridle with a Pelham, Caveson noseband, curb chain, lip strap and double reins. Only children under 15 years are allowed to use rein connectors.*
- *A simple single bridle with a snaffle and Caveson noseband.*

2.1.5 Toelaatbare Stange, Trense & Skelmtrense/*Permissable Pelhams, Snaffles & Bradoons*

Die volgende **STANGE** is toelaatbaar:

- ✓ Stange met geboë mondstukke
- ✓ Stange met reguit wang- en teuelbalke
- ✓ Stange met glyende mondstukke ("Weymouth")
- ✓ Stange vir dubbelteuels ("pelham") met kenketting en lipbandjie of teuelverbindings met 'n enkel teuel (Alleenlik Kinders onder 15 jaar)
- ✓ Variasies van hierdie stang (Pelham") met glyende of los mondstuk ("Mullen mouth")
- ✓ Stange ("pelham') met reguit mondstuk, of met 'n lae tonggroef of met 'n skakel in die mondstuk.

Spesifikasies:

- ⇢ Stange moet voorsien wees van 'n kenketting (sonder of met 'n leer of rubber omhulsel) en met 'n lipbandjie.
- ⇢ Die minimum dikte van die mondstuk van stange is **10mm**
- ⇢ Die maksimum lengte van die teuelbalk (vanaf die middle van die boonste teuelring tot die middle van die onderste teuelring) is **14mm.**
- ⇢ Die diepte van die tonggroef mag nie **30mm** oorskry nie.
- ⇢ Alle hoeke en kante van die stang moet afgerond en veilig wees.
- ⇢ Enige ander toevoegings tot die stang, behalwe 'n kenketting en lipbandjie is ontoelaatbaar
- ⇢ Wanneer die dubbeltoom korrek pas sal die skelmtrens in die hoek van die bek sit, een velvou maak en die stang sal net onder/voor die skelmtrens rus – nie bo-op mekaar nie.

*The following **PELHAMS** are permissible:*

- ✓ *Pelham with a curved mouthpiece*
- ✓ *Pelham with straight cheek pieces*
- ✓ *Pelham with sliding mouthpiece ("Weymouth")*
- ✓ *Pelham with double reins with curb chain, lip strap or rein connectors with single rein (Only children under 15 years)*
- ✓ *Variations of the Pelham with sliding or loose mouthpiece ("Mullen mouth")*
- ✓ *Pelham with a straight mouth piece with a low port or jointed in the middle*

Specifications:

- ⇢ *Pelhams must be used with a curb chain (with or without leather of rubber guard) and a lip strap.*
- ⇢ *The minimum thickness of a mouth piece of a Pelham is **10mm.***
- ⇢ *The maximum length of the cheek piece (from the middle of the top rein ring to the middle of the bottom rein ring) is maximum **14mm.***
- ⇢ *The depth of the port must not exceed **30mm.***
- ⇢ *All corners and sides of the bit must be smooth and safe.*
- ⇢ *Any other attachment to the bit, except for a cub chain and lip strap, are not permissible.*
- ⇢ *When a double bridle fits correctly the bridoon will sit in the corner of the mouth, it will make one skin fold and the bit will rest in front of the bridoon and not on top of each other.*

Die volgende SKELMTRENSE is toelaatbaar:

- ✓ Gewone skelmtrens met een stel los ringe en een skakel in die mondstuk ("German loose ring" tipe).
- ✓ Skelmtrens met een stel los ringe en twee skakels in die mondstuk.
- ✓ Skelmtrens met skarniere ("egg-butt" tipe).
- ✓ D-ring Skelmtrense.
- ✓ Skelmtrens met kort wangstukke.

Spesifikasies

- ⇢ Skelmtrense mag nie dunner as **8mm** wees waar die mondstuk en die ringe skakel in die hoek van die bek nie. Die mondstuk moet afgerond wees.
- ⇢ Te dun skelmtrense, skelmtrense met gedraaide dun metaal (bv. koper), met meer as een mondstuk, met 'n ketting, rollers of draad, kantige of gekartelde mondstukke is ontoelaatbaar.

The following BRADOONS are permissible

- ✓ *Simple bridoon with one set of loose rings and one joint in the mouthpiece ("German loose ring" type)*
- ✓ *Bradoon with one set loose rings with two joints in the mouth piece.*
- ✓ *Egg-butt type bridoon with hinges.*
- ✓ *D-ring bradoons.*
- ✓ *Bradoon with short cheek pieces*

Specifications

- ⇢ *Bradoons may not be thinner than **8mm** where the mouth piece and the rings end in the corner of the mouth.*
- ⇢ *Bradoons which are too thin, with wire twisted around (e.g. copper) with more than one mouth piece, chains, rollers or wire, corners or twisted mouth pieces are not permissible.*

Die volgende TRENSE is toelaatbaar:

- ✓ D – Trens
- ✓ Gewone trens met skarniere ("Egg-butt")
- ✓ Duitse tipe trens met los ringe.
- ✓ Franse trens met dubbel skakel.
- ✓ Elliptiese trens ("Eliptical link") met los dubbel skakel.
- ✓ Rubber of vulkaniet trense, reguit of met 'n skakel.
- ✓ Trense met wangstukke soos die "Fulmer" met enkel of dubbel skakel.

Spesifikasies

- ⇢ Trense mag net een ring aan weerskante en een mondstuk hê.
- ⇢ Die mondstuk mag nie kantig of gekartel wees nie, van draad of ketting gemaak word, of rollers aan hê nie. Trense mag nie metaal draad (bv. koper) om die mondstuk gedraai hê nie.

- Trense mag nie dunner as **10mm** wees waar die mondstuk en die ringe skarnier by die hoek van die bek nie
- Die trens moet hoog genoeg in die bek pas. Een velvou in die mondhoek dui ’n korrekte passing aan.

The following snaffles are allowed:

- ✓ *D-Snaffle*
- ✓ *Egg butt with hinges*
- ✓ *German type snaffle with loose rings*
- ✓ *French link snaffle with double joint*
- ✓ *Elliptical link snaffle with double joint*
- ✓ *Rubber or vulcanite snaffle, straight or jointed.*
- ✓ *Snaffles with cheek pieces, such as a “Fulmer” single or double jointed.*

Specifications

- *Snaffles may only have one ring on each side with one mouth piece.*
- *The mouth piece may not be square or twisted or be made of wire or chain and must be without rollers.*
- *Metal wire (e.g. copper) may not be twisted around the mouthpiece of the snaffle.*
- *Snaffles may not be thinner than **10mm** where the mouth piece and the ring joints meet at the corner of the mouth.*
- *The snaffle must sit high enough in the mouth. One skin fold in the corner of the mouth is an indication of a correct fit.*

“It is acceptable that there will be variations in the manufacture of the examples, but the rule in regard to variations in manufacture should be interpreted with the intention that the welfare of the horse, together with the best schooling principles, should be the only consideration.”
SASA RULES & REGULATIONS

“Dit is aanvaarbaar dat daar vervaardiging variasies in die voorbeelde van gebit sal wees, maar die reël aangaande die variasies in vervaardiging moet geïnterpreteer word met die begrip dat die welsyn van die perd tesame met die beste moontlike beginsels van skoling die enigste oorweging moet wees.”
SASA REËLS & REGULASIES

VOORBEELDE VAN TOELAATBARE STANGE, TRENSE & SKELMTRENSE
EXAMPLES OF SNAFFLES, PELHAMS & BRADOONS

LOSRING TRENSE / *LOOSE RING SNAFFLES:*

Jointed loose ring Snaffle

Loose ring snaffle with a French link

Loose ring snaffle with elliptical link

EGGBUTT" TRENSE/SNAFFLES:

Jointed Egg butt Snaffle

Eggbutt snaffle with an elliptical link

Eggbutt snaffle with a French link

Jointed D ring Snaffle

Myers Dee Bit

Rubber covered D-ring snaffle

Half cheek snaffle

Hang cheek jointed snaffle

Hang check snaffke with elliptical link

Hang cheek snaffle with a French link

Standard curved bar jointed snaffle

Fulle cheek eggbutt snaffle

Full cheek mullen mouth snaffle

Rubber covered full cheek jointed snaffle

Full cheek snaffle with French link

Full cheek snaffle with elliptical link

Fulmer

STANGE / *PELHAMS:*

Double jointed pelham

Medium ported pelham

Mullen mouth pelham

Flexible hard rubber Pelham

Jointed Rubber Pelham

Jointer "Happy Mouth" Pelham

Jointed Pelham

Mullen Mouth Pelham

Rugby Pelham

LOS DELE AAN DIE STANG / LOOSE *ATTACHMENTS ON THE PELHAM:*

Rein Connectors (only Children under 15)

Curb chain

Lip Strap

Gel curb chain guard

Rubber curb chain guard

Leather curb chain

SKELMTRENSE / *BRADOONS*:

Weymouth Set

Loose ring bradoon

German type solid mouth bradoon

Jointed overcheck bradoon

Overcheck bradoon

Nylon / Rubber overcheck bradoon

Weaymouth bradoon

Snall ring eggbutt French link bradoon

Small ring eggbutt jointed bradoon

ALLEENLIK TOELAATBAAR IN WERKENDE RYPERD & WERKENDE JAGPERD KLASSE:
ONLY ALLOWED IN WORKING RIDING- & WORKING HUNTER CLASSES:

Jointed Kimblewick

Ported Kimblewick

Portugese Gag

3. BEWEGING VAN DIE UNIVERSELE DRIE-GANG PERD / *MOVEMENT OF THE UNIVERSAL 3-GAITED HORSE*

Die rasstandaarde van die SA Boerperd stel die volgende minimum vereistes aan die perd se beweging in die Universele Drie-Gang klasse ongeag die gang waarin hy beweeg:

"Matige hoë tot laer veerkragtige treë met ritme wat grond dek. Agter bene wat goed onder die lyf inwerk en gewig van die voorkwart wegneem. Al vier bene moet spoor m.a.w. reguit vorentoe beweeg wanneer van agter of van voor gesien word."

The breed standard of the SA Boerperd sets the following minimum criteria for the horse's movement in the Universal Three-Gaited classes notwithstanding the gait:

"Moderately high to lower elastic strides with cadence which covers ground. Hind legs must be used well and deep from behind taking the weight away from the front quarters. All four legs must track-up, moving straight forward when viewed from the back or from the front."

Hierdie omskrywing vorm die basis vir die afrigting, vertoning en beoordeling van die Universele Drie-Gang SA Boerperd.

This description forms the basis for schooling, showing and judging of the Universal Three gaited SA Boerperd.

3.1 UNIVERSELE GANGE & KRITERIA / *UNIVERSAL GAITES & CRITERIA*

3.1.1 Halt / *Halt*

- Wanneer daar uit 'n stap gehalt word, moet die perd lig in die hande wees met die nek krom en kop hoog maar nog steeds horisontaal en op die gebit.
- Die perd moet die gewig korrek onder hom versprei.
- Die perd se aandag moet die heeltyd by die ruiter wees en moet wag vir die volgende opdrag.
- Die kop mag effens voor die vertikaal gedra word.
- Die halt is 'n belangrike beweging en moet korrek uitgevoer word.

Die **halt** is 'n goeie aanduiding van die vlak van skoling van 'n perd. Wanneer die perd uit die halt beweeg, vorentoe of tru, moet dit gehoorsaam, reguit in lyn, met 'n vertikale kopprofiel en met energieke beweging plaasvind.

- *When halting from a walk the horse must be light in the hands, the neck must be arched and the head must be held high but still horizontal and on the bit.*
- *The horse must spread its weight correctly underneath itself.*
- *The horse's attention must be with the rider at all times and must wait for the next command.*
- *The head may be carried a little above the vertical.*
- *The halt is an important movement and must be executed correctly.*

*The **halt** is a good indication of the level of schooling of a horse. When a horse moves from the halt, backwards (rein-back) or forwards it must be obedient and straight with a vertical headset and the movement must be executed energetically.*

Foute & Diskriminasies / *Mistakes & Discriminations:*

- × Perd staan met gespreide bene en nie stil nie of die lyf is skeef gedraai.
- × Perd staan gestrek.
- × Perd bied weerstand met bek, kop en nek.
- × Perd kyk rond, trap rond of beweeg na voor of agter.

- × *Horse is standing with spread out legs and not still or the body is not straight.*
- × *Horse is "parked" or stretched out.*
- × *Horse is resisting with mouth, head and neck.*
- × *Horse is looking around, stepping out or moving backwards and forwards.*

3.1.2. Stap/*Walk*

- ✓ Die stap is 'n duidelike laterale 4-hoefslag maat.
- ✓ Die Universele drie-gang perd moet met lang energieke veerkragtige treë, platvoet, vorentoe stap.
- ✓ Die agterkwart moet aktief wees en met agterhoewe op of oor die voorhoefspore trap.
- ✓ Die perd moet flink en vloeiend vorentoe stap met ritmiese ewe lang treë.
- ✓ Nek moet geboë wees.

- ✓ Perd moet gekollekteer (saamgevat) wees in die stap.
- ✓ Kop moet in ’n vertikale lyn wees of baie effens oor die vertikaal.
- ✓ Perd moet lig bly in die voorkwart en sag in die ruiter se hande wees.
- ✓ Let op na die perd se ritme, impulsie en balans. (RIB) Die perd moet spoor.
- ✓ Die perd moet spoor.
- ✓ Perd moet konsentreer en moet gereed lyk vir die volgende bevel of gang.
- ✓ Ore moet na vore wys.

- ✓ *The walk is a clear lateral 4 count hoof beat.*
- ✓ *The Universal SA Boerperd must walk, flat footed, forward with long energetic cadent strides.*
- ✓ *The hindquarters must be active and engaged and the hind hooves must track on or over the front hoof tracks.*
- ✓ *The horse must walk fluently forward with rhythmic strides of the same length.*
- ✓ *The neck must be arched.*
- ✓ *Horse must be collected in the walk.*
- ✓ *The head must be in a vertical line or very slightly over the vertical.*
- ✓ *The horse must stay light in the front quarters and soft in the riders’ hands*
- ✓ *Take note of the horse’s rhythm, impulsion and balance. (RIB)*
- ✓ *The horse must track-up.*
- ✓ *The horse must concentrate and must look attentive for the next command or gait.*
- ✓ *Ears must be pricked forward.*

Foute & Diskriminasies / *Mistakes & Discriminations:*

- × Die perd dek nie grond nie.
- × Die perd konsentreer nie.
- × Die perd is gespanne en treë word kort en onreëlmatig.
- × Die perd drafstap of pas, d.w.s. nie meer ’n 4-hoefslag maat nie.
- × Die perd vermy kontak en die kop word te hoog of te laag gedra en stap nie met ’n stil kop nie.
- × Kop word skeef gedra.
- × Die perd se kop profiel is te ver voor of agter die vertikaal.
- × Stap met te lang teuels stap en verloor sodoende styl.
- × Met te lang teuels stap en sodoende styl verloor.
- × Ritme, impulsie en balans is versteur. (RIB)
- × Spoor nie en/of loop skeef.
- × Perd lyk verveeld, onbelangstellend en sonder energie.

Die beoordelaar moet seker maak dat elke perd se stap deeglik geëvalueer word. Aangesien “die stap” een van die basiese bewegings is, moet ’n SA Boerperd dit deeglik en korrek kan uitvoer.

- × *The horse is not covering ground.*
- × *The horse is not concentrating.*
- × *The horse is tense and strides become short and uneven.*
- × *The horse is jogtrotting or pacing which is not a 4 count hoof-beat rhythm.*
- × *The horse avoids contact and carries the head too high or too low and is not maintaining a still head.*
- × *Head is tilted or crooked.*
- × *The horses head profile is too over- or under the vertical.*
- × *Walking with too long reins and therefore loosing style.*
- × *Not active enough in the hindquarters thus not stepping deep enough with hind legs.*
- × *Rhythm, impulsion and balance are disturbed. (RIB)*
- × *Not tracking-up and/or moving side-ways.*
- × *Horse appears bored, inattentive and unenergetic.*

The judge must ensure that each horse is evaluated properly at a walk. Seeing that the "walk" is one of the basic movements, the SA Boerperd must show a correct and well executed walk

3.1.3. Draf/*Trot*

- ✓ Die draf is 'n diagonale beweging met 'n 2-hoefslag maat.
- ✓ Matig hoog tot laer, lang veerkragtige treë wat grond dek.
- ✓ Die agterhoewe trap duidelik op of oor die voorhoef spore.
- ✓ Die nek moet geboë wees en die skouer vry.
- ✓ Die perd moet gekollekteer (saamgevat) en sag in die hande wees.
- ✓ Die kop se profiel moet vertikaal of baie effens oor die vertikaal en stil wees.
- ✓ Hakke moet goed beset word en beweging na vore moet energiek met veerkrag en balans uitgevoer word.
- ✓ Aktiewe agterbene dra, sowel as dryf die perd vorentoe.
- ✓ Die perd se rug moet soepel wees en die stert behoort op te lig en liggies heen en weer te swaai.
- ✓ Let op na ritme, impulsie en balans (RIB)
- ✓ Die perd moet spoor met agter- en voorkwart, m.a.w. reguit vorentoe.

- ✓ *The trot is a diagonal movement with a 2 count hoof-beat.*
- ✓ *Moderately high to lower, long, ground covering strides with cadence.*
- ✓ *The hind hooves step clearly on or over the front hoof tracks.*
- ✓ *The neck must be arched and the shoulder must be free.*
- ✓ *The horse must be collected and soft in the hands.*
- ✓ *The head profile must be vertical or very slightly over the vertical and must be still.*
- ✓ *Hocks must be well engaged and movement forward must be executed energetically with cadence and balance.*
- ✓ *Active hind legs carry as well as drive the horse forward.*
- ✓ *The back of the horse must be supple and the tail should lift and slightly swing from side to side.*
- ✓ *Take note of the horses' rhythm, impulsion and balance. (RIB)*
- ✓ *Horse must track-up straight forward with hind- and front quarters*.

Foute & Diskriminasies/*Mistakes & Discriminations:*

- × Die perd se kop is nie vertikaal nie en die kop en nek is skeef.
- × Die perd lê of hang in ruiter se hande (op die voorhand) of die nek en rug is hol.
- × Die perd beweeg nie reguit vorentoe nie (spoor nie).
- × Die perd se Ritme, Impulsie en Balans is foutief (RIB)
- × Aankap, oortrap (klik-klik) en raak trap (Balans is versteur)
- × Te vinnig draf en dus styl en kolleksie verloor. (Oor-ry)
- × Kort treë, wat veroorsaak dat die perd nie die vermoë het om met lang veerkragtige treë grond te dek nie.
- × Hakke wat agterbly en/of een van die bene trek. (Balans)
- × Nie van agter oor die voorhoef merk trap nie (Nie spoor nie)
- × Agterbene wat oopmaak.
- × Deurslaan na ander gange.
- × Swak transisies (gang veranderings) en rigting veranderings. (been veranderings)
- × Nie soepel nie en dus nie die vermoë om te buig in die rug in 'n sirkel of om 'n draai nie.
- × Nie gekollekteer nie en nek en rug vertoon **hol**, lank en uitgerek.
- × Bied weerstand teen die gebit en ruiter se bene. (hulpmiddel)
- × Tong wat uitsteek.
- × Oorkruis beweeg (vleg) met voorbene.
- × Kop is skeef

- × *The horses' head is not on the vertical and the head and neck is crooked.*
- × *The horse is hanging in the rider's hands (on the forehand) or the neck and back is hollow.*
- × *The horse is not moving straight forward (not tracking-up)*
- × *The horse's Rhythm. Impulsion and Balance are incorrect. (RIB)*
- × *Brushing, forging (click-click) and overreaching (Balance is disturbed)*
- × *Trotting too fast and thus loosing style and collection. (Over ride)*
- × *Short strides, which cause the horse the inability to cover ground with long elastic strides.*
- × *Hocks are staying behind and one of the legs is pulling. (Balance)*
- × *Not striding from behind over the front hoof track. (Not tracking up)*
- × *Hind legs are spread.*
- × *Break into other gaits.*
- × *Weak transitions (Gait change) and leg changes (Leg/Rein change)*
- × *Not supple and thus not able to bend or flex in the back through a circle or turn.*
- × *Not collected and neck and back appears **hollow**, long and stretched out.*
- × *Resisting the bit and riders legs. (aids)*
- × *Protruding tongue.*
- × *Crossing over (plaiting) with front legs.*
- × *Head is tilted or crooked.*

3.1.4 VARIASIES VAN DRAF / *VARIATIONS OF TROT*

3.1.4.1 Werksdraf/*Working Trot*

Dit is die algemeenste draf in die skou ring en is hierbo beskryf.
Twis is the most general trot in the show ring as described above.

3.1.4.2 Gekollekteerde Draf/*Collected Trot*

+ Die lengte van treë sowel as die raamwerk van die perd verkort sonder om ritme en die dekking van grond prys te gee.
+ Die agterhoewe trap agter die voorhoef merke**.**
+ Die perd vertoon soos 'n saam gedrukte veer – vol impulsie en energie.
+ Die hakke werk sterk, impulsie verhoog maar die perd bly lig in die voorhand en dra homself.
+ Die perd se kop profiel bly vertikaal of baie effens oor en krul nie op agter die vertikaal nie.
+ Die transisie vanuit die werksdraf na die gekollekteerde draf en terug behoort duidelik onderskeibaar en sigbaar te wees.
+ Die perd moet lig in die hand wees en hom self dra en nie in die ruiter se hande hang nie.
+ Dit is nie net die treë lengte wat verkort nie maar die veerkrag van die treë is kenmerkend.

+ *The length of stride as well as the frame of the horse shortens without compromising rhythm and covering of ground*.
+ *The hind hooves step behind the front hoof tracks.*
+ *The horse appears like a coiled up spring – full of impulsion and energy.*
+ *The hocks work strongly, impulsion increase but the horse stays light on the forehand with self-carriage.*
+ *The horse's head profile remains vertical or slightly over and does not curl up behind the vertical.*
+ *The transition from the working trot to the collected trot and back should be clearly distinguishable and visible.*
+ *It is not just the length of stride which changes but the elasticity of the strides are apparent.*
+ *The horse must be light in hand and must carry itself and not hang in the rider's hands.*

3.1.4.3 Verlengde Draf / *Extended Trot*

+ Die treë lengte sowel as die raamwerk van die perd verleng sonder dat die perd op die voorhand gaan lê
+ Die perd se profiel bly vertikaal alhoewel die nek langer mag vertoon.
+ Die perd bly steeds lig in die ruiter se hande.
+ Die agterhoewe trap diep en ver oor die voorhoef merke.
+ Die transisies na en van die verlengde draf moet duidelik onderskeibaar en sigbaar wees.
+ Agterbene moet nie oopmaak nie.
+ Verlengde draf moet nie haastig en gejaagd (oor-ry) vertoon nie.

+ *The strides as well as the frame of the horse must lengthen without the horse hanging in the hands. (on the forehand)*
+ *The horse's head must stay vertical although the neck might appear longer.*
+ *The horse must be light in the rider's hands.*
+ *The hind hoofs stride deep and far over the front hoof tracks.*
+ *The transition to and from the extended trot must be clearly distinguishable and visible.*
+ *Hind legs must not spread.*
+ *Extended trot must not be rushed (over ridden) and hurried.*

3.1.5 Galop/*Canter*

✓ 'n Galop het 'n 3-hoefslag maat.
✓ Die galop behoort vry, aktief, gelykmatig en ritmies te wees.
✓ Die galop moet reguit vorentoe uitgevoer word.
✓ Die nek is geboë met die kop effens voor die vertikaal.
✓ Meeste van die gewig word op die agterbene gedra, voorlyf is lig en ore spits en belangstellend na vore.
✓ Die transisie na 'n galop en terug moet glad en reguit wees sonder 'n eerste groot galop treë.
✓ Die ruiter mag nie die balans van die perd versteur deurdat die perd in die galop in "gegooi" word of teen die reling gedraai word nie.
✓ Ritme, impulsie en balans moet steeds behoue bly (RIB)
✓ Die binne been is altyd die lei-been.

✓ *The canter is a 3-count hoof-beat*
✓ *The canter should be free, active, even and rhythmic.*
✓ *The gallop must be executed straight forward.*
✓ *The neck is arched with the head slightly over the vertical.*
✓ *Most of the weight is carried through the hind legs, front quarters must be light and ears are pitched to the front with interest.*
✓ *The transition to the canter must be smooth and straight without a first big canter stride.*
✓ *The rider may not disturb the balance of the horse by throwing the horse into the canter or turning the horse into the rail.*
✓ *Rhythm, impulsion and balance must be maintained. (RIB)*
✓ *The leading leg is always the inside leg.*

Foute & Diskriminasies/*Mistakes & Discriminations:*

× 'n 4-hoefslag maat galop as gevolg van swak skoling, styfheid (soepelheid) of te min impulsie.
× Oorkruis (vleg) of koei galop.
× Spoor nie. Perd wat sy agterkwart na binne of na buite gooi en nie reguit galop nie.
× Swak transisies na en van die galop, bv. die ruiter wat sy gewig gooi in die rigting waarin die transisie verlang word of die perd skeef draai. Perd moet met die korrekte been lei.

- Dek nie genoeg grond nie en ongelyk in alle gange.
- Nie soepel nie en dus nie die vermoë om in die rug (middelstuk) te buig in ’n sirkel of om ’n draai nie.
- Nie genoeg veerkrag in die treë nie en springerig.
- Galop treë is te lank, te kort of kapperig bv. ongeskoolde perd, gespanne, stywe jong perde.
- Ritme, impulsie en balans is versteur en slaan dus deur na ander gang.
- Perd se kop nie op of effens oor, die vertikaal nie.
- Skewe kop.
- Perd gooi die ruiter uit die saal.
- Perd hang in die ruiter se hande en/of bied weerstand.
- Perd is gespanne.
- Perd lei met die verkeerde been.
- Perd is buite beheer en versteur die res van die klas.

- *A 4-count hoof beat because of weak schooling, stiffness (suppleness) or not enough impulsion.*
- *Crossing over (plaiting)*
- *Not tracking up. Horse’s hind quarter is swung to the inside or outside and is not cantering on a straight line.*
- *Weak transitions from and back to the canter e.g. the weight of the rider is forced into the direction of the transition or the rider is turning the horse off line. Not the correct strike off (lead with correct leg)*
- *Not covering enough ground and uneven in all gaits.*
- *Not supple and thus not able to bend or flex in the back (mid-section) through a circle or turn.*
- *Not enough spring in the strides and choppy.*
- *Canter strides are too long, too short and choppy e.g. an unschooled, tense, stiff young horse.*
- *Rhythm, impulsion and balance are disturbed and breaking into another gait.*
- *Horses head not on or slightly over the vertical.*
- *Head is tilted or crooked.*
- *Horse is bouncing rider out the saddle.*
- *Horse is leaning into the riders hands and/or resisting.*
- *Horse is tense.*
- *Horse is leading with the wrong leg. (Faulty strike-off)*
- *Horse is out of control and disturbing the rest of the class.*

3.1.6 Variasies Van Galop / *Variations On Canter*

3.1.6.1 Werksgalop/*Working Canter*

Dit is die algemeenste galop in die skou ring en word hierbo beskryf.
This is the most general canter in the show ring as described above.

3.1.6.2 Gekollekteerde Galop/*Collected Canter*

+ Die treë lengte sowel as die raamwerk van die perd verkort.
+ Die perd vertoon soos ’n saamgedrukte veer – vol impulsie en energie.
+ Die hakke werk sterk en impulsie verhoog.
+ Die perd bly lig in die voorhand en kan homself dra.
+ Die perd se kop profiel bly vertikaal en krul nie op agter die vertikaal nie.
+ Die transisie (verandering) vanuit die werksgalop na die gekollekteerde galop en terug behoort duidelik onderskeibaar en sigbaar te wees.

+ *The length of stride as well as the frame of the horse shortens.*
+ *The horse appears like a coiled up spring – full of impulsion and energy.*

+ *The hocks are working strongly and impulsion increase.*
+ *The horse remains light on the forehand with self-carriage.*
